

## Hoofstuk 5

### Betekenisverdieping deur 'n fokusgroep

#### 5.1 Doel en waarde van die fokusgroepgesprek

Rubin en Rubin (1995:27) gaan van die volgende standpunt uit: “Focus group interviews are a form of evaluation in which groups of people are assembled to discuss potential changes or shared impressions”. De Vos *et al.* (2002:306) sê in dieselfde verband dat “...focus groups are a research technique that collects data through group interaction on a topic determined by the researcher”.

Die doel van 'n fokusgroep is dat dit help om verskillende uitgangspunte of response oor 'n bepaalde onderwerp te bewerkstellig. Volgens De Vos *et al.* (2002:307) is die fokusgroep die middelpunt van 'n groter driepunt proses van kommunikasie, naamlik:

- Die navorser bepaal wat hy wil hoor by die medenavorsers.
- Die fokusgroep skep 'n gesprek onder die deelnemers oor die bepaalde temas.
- Die navorser som op wat hy gehoor en geleer het by die medenavorsers.

Die fokusgroep skep 'n proses van vergelyking en mededeling onder die deelnemers. Die fokusgroepgesprek word onderskei van enige ander vorm van gesprek omdat dit deur die groepsinteraksie inligting genereer. Babbie (2002:294) stel die saak soos volg: “...group dynamics frequently bring out aspects of the topic that would not have been anticipated by the researcher and would not have emerged from interviews with individuals.” Aldus Rubin en Rubin (1995:140) is die volgende ook moontlik:

“Sometimes a totally different understanding of a problem emerges from the group discussion.”

## 5.2 Deelnemers aan die fokusgroepgesprek

De Vos *et al.* (2002:310) maak die volgende stelling oor groepdeelname: “In order to decide who should be invited to the group, think back to the purpose of the study. Usually the purpose is to describe how certain people feel or think about something – people that have certain things in common.”

Die regte samestelling van die groep sal ’n sinvolle gesprek met bruikbare inligting meebring. Soos die meeste kwalitatiewe metodes, word daar by die kies van gespreksgenote ook gebruik gemaak van die “purpose sampling” (De Vos *et al.*, 2002:311). In hierdie navorsing bring dit mee dat daar vir die fokusgroep gekies sal word wat aan die volgende kriteria voldoen:

- Die medenavorsers moet vertrouwd wees met die narratiewe benadering.
- Hulle moet hulself as pastors sien wat bedienaars van die Woord van God is.
- Hulle moet die narratiewe benadering gebruik in hulle pastoraat.

De Vos *et al.* (2002:311) stel die volgende voor: “Smaller groups of four to six people are preferable when the participant have a great deal to share about a topic.” Na aanleiding van die bostaande kriteria het ek vyf medenavorsers verbonde aan die Universiteit van Pretoria, uit die Ph.D-groep wat besig is met hulle studies onder leiding van prof. JC Müller genader om aan die fokusgroepgesprek deel te neem. Voor

die fokusgroep bymekaar gekom het, is die voorlopige afleidings vanuit die individuele gesprekke, asook die doel/waarde van 'n fokusgroep aan elke deelnemer per e-pos gestuur om te bestudeer en sodoende voor te berei. Die gesprek van die fokusgroep is ook op band geneem en daarna verbatim getik. Die fokusgroep het net een maal in die seminaarkamer van die Praktiese Teologie Departement vergader waar bepaalde voorafvrae aan die betrokkenes gestel is om die gesprek aan die gang te kry, asook in 'n bepaalde rigting te stuur.

### 5.3 Vrae aan die fokusgroep

Die fokusgroep is gevra om eerstens saam met my te reflekteer op die voorlopige afleidings wat uit die individuele gesprekke gemaak is. Tweedens is die gespreksgenote daarop gewys dat die bedoeling in hierdie proses is om nuwe en vars insigte te genereer. Daar moet egter onthou word dat al is een van die sterk punte van die fokusgroep dat die gespreksgenote mekaar aanvuur, die vrae op so 'n wyse gevra moet word dat daar by die bepaalde tema en doel van die navorsing gehou word. De Vos *et al.* (2002:307) sê die volgende: “Focus groups are especially useful in attempting to understand the variety of other’s experiences.” Babbie (2002:295) is van mening dat “...it further illustrates the possibilities for doing social research face-to-face with those we wish to understand”.

Na aanleiding van die voorlopige afleidings wat uit die individuele gesprekke gemaak is, is die volgende vrae vir die fokusgroepgesprek geformuleer:

- Kom ons gesels oor ongeforseerde Skrif gebruik. Hoe ervaar julle kom dit in die stuk voor en hoe verstaan julle dit teenoor geforseerde Skrifgebruik?
- Wat dink julle van die gedagte dat pastors die Bybel “verpersoonlik”? Met ander woorde, as pastor verteenwoordig ek God.
- Kom ons reflekteer saam op die wyse waarop die pastor se persoonlike verhouding met God na vore kom.

#### 5.4 Opsomming van die fokusgroepgesprek en bepaalde gedagtes vanuit die gesprek

In die opsomming van die fokusgroep se gesprek moet dit gemeld word dat ek die opmerkings en gedagtes vanuit die gesprek, self geïnterpreteer het, en nie die interpretasie vir bevestiging weer na die groep terug geneem het nie. Die getikte verbatim gesprek word nie weergegee nie, maar van die toepaslike opmerkings of gedagtes sal woordeliks aangehaal word. Fiktiewe name is ook hier gebruik om die identiteit van die deelnemers te beskerm. In die reflektierungsproses is aangesluit by die vrae geformuleer vir die fokusgroep.

Die eerste respons op die vraag oor ongeforseerde Skrifgebruik was duidelik en reguit: “Ek het nogal plek-plek die manier wat hulle daarvoor praat, nie gedink dit is vreeslik ongeforseerd nie.” Die mening is uitgespreek dat die soek van raakvlakke wanneer woorde soos “dood” en “beangs” byvoorbeeld gebruik word, en die pastor ’n verhaal in die Bybel soek om daarby aan te sluit, nie ongeforseerd is nie. Die gespreksgenoot is van mening dat ’n gaping gevat word om die Bybel op die tafel te plaas, en dat dit

daarom 'n baie subjektiewe keuse is. Die vraag is, is dit moontlik om die Bybel ongeforseerd op die tafel te plaas, as die ander persoon dit nie op die tafel plaas nie? Hierop het 'n tweede gespreksgenoot gereageer deur die volgende te vra: “Are narrative pastors not looking for an opportunity to use the Bible? If I look to use the Bible I am not making an assumption that the Bible contains the answer.” Dieselfde gespreksgenoot het gesê die stellings vanuit die vooraf individuele gesprekke dat die Bybel byvoorbeeld “absoluut noodsaaklik” is, bekommer hom en hy wonder of dit narratief is.

Hier is aan die gespreksgenote verduidelik dat ek besef die gevaar bestaan om van kort aanhalings gebruik te maak en dat dit maklik buite konteks aangehaal kan word. Maar beide die individuele gespreksgenote het in hulle gesprekke die volgende uitgangspunt beklemtoon: “Ek begin met die persoon se verhaal wat my kom sien. Sy verhaal en betekenis is vir my belangrik.” Die inbring van die Bybelse verhaal moet nie geforseer wees nie. Trouens, die ervaring is dat nege en negentig persent van die kere bring die ander persoon self die Verhaal ter sprake. Reeds hier is die opmerking gemaak dat die pastors se eie lewensverhaal en sy verhouding met God 'n belangrike rol speel. Die gespreksgenote is daarop gewys dat ons met die tweede vraag hierdie aspek sal hanteer. Hier is die vraag gevra of dit “ongeforseerd” kan gebeur al dan nie.

Tim het op sy beurt gesê dat wanneer die pastor die Bybel as deel van die gesprek beskou dit nie noodwendig in die gesprek ter sprake hoef te kom nie: “It does not necessarily mean it has to come into conversation.” Die mening was dat wanneer daar refleksie gedoen word oor wat besig is om in die gesprek te gebeur, die pastor net bewus moet wees van hoe sy verstaan van die Bybel die proses wel beïnvloed.

Jake se mening was dat die narratief dit baie duidelik stel dat my geloofsnarratief 'n rol speel in wie ek is. Hy vra dan ook dat wanneer die Bybel as 'n narratief verstaan word, hoekom die Bybel nie as sodanig dan die rol van 'n derde gespreksgenoot in die gesprek kan vervul nie. Die Bybel moet natuurlik nie gesien word as 'n "absolute" wat al die antwoorde op 'n situasie se vrae het nie. Dit is maar net nog 'n verhaal met nog 'n moontlikheid. As 'n mens dit so sien, hoef jy nie terug te val na die paradigma dat dit 'n "absolute waarheid" is wat jy móét inbring nie. Jake beklemtoon sy mening met die volgende woorde: "Take it or leave it."

Hier het ek die opmerking gemaak dat een van die dilemmas waarin ons sit rakende die postmodernisme, is dat mense nie van hierdie stelling hou, naamlik dat die Bybel die antwoord het en die absolute waarheid is nie. Bied die narratief nie dan juis vir ons die geleentheid om te kan sê dit is nog 'n verhaal wat in die proses aanwesig is nie? Moet ons nie die Verhaal inbring en deel maak van die proses sodat dit ander moontlikhede kan ontsluit nie? En is dit nie juis ons taak om as pastors iets van hierdie groter Verhaal in die gesprek te bring nie?

Giel het op hierdie stadium gewonder of wanneer ons oor Bybelse inhoud praat, ons daaronder Bybelse beginsels ook verstaan, en of 'n teksgedeelte noodwendig êrens moet figureer? Is die Bybelse inhoud nie "hierdie algemene kleur van die gesprek" nie? Hy stem saam met Jake dat die Bybelse verhaal amper nog 'n gespreksgenoot is. Hy verwys na Klein-Kranenberg wat praat van die Heilige Gees as die "derde" in die pastorale gesprek. Die Heilige Gees is as 'n gespreksgenoot amper die hele tyd

aanwesig. Die vraag is: Werk die Gees nie deur die Woord en sy Verhaal in ons lewensverhale nie?

Die volgende gedagte rondom die geforseerde of ongeforseerde gebruik van die Bybel is gegrond op Evert se vraag oor hoe die Bybel funksioneer. Dit is nie net belangrik hoe die Bybel in die gesprek inkom nie, maar ook hoe die Bybel verder in die gesprek funksioneer. Is daar in die hantering van die Bybel in die narratiewe model sekere vereistes in terme van Skrifgebruik? Evert wou weet hoe ons besluit watter stuk van die Bybel kom ter sprake:

- “As ek ’n gedeelte kies, wat maak ons met die gedeelte?”
- “Is ek as pastor die ou wat die Bybel die beste interpreteer? Is ek die persoon wat vir die ander persoon sê hoe die Bybel in sy verhaal moet funksioneer?”

Evert het gewonder of ons nie dan besig is met “buikspraak” nie. Is die derde stem nie eintlik die pastor se stem nie? Dit bly die moeilike vraag. Hierop het die volgende vraag gevolg: Sit ons nie almal tog heimlik met die gedagte dat die Woord van God in pastoraat vir ons antwoorde bied nie? As dit nie die geval is nie, wat is die doel van die Bybel dan?

Tim gaan van die volgende standpunt uit: “I don’t see the Bible that way... I see the Bible as a way in which people can come into a relationship with God, and which can affect their lives depending on how they respond to the story.” Eerder as om die Bybel te gebruik in ’n soeke vir “oplossings”, sê Tim die volgende: “The Bible impacts my whole live, but in a sense of introducing people into a relationship with God.”

Giel was weer van mening dat wat ons dink mense se verwagtings is, het ook 'n belangrike rol te speel in die mate hoe ons die gespreksgenoot intrek. Net soos my eie verwagtings 'n rol speel in hoe ek die Woord van God gebruik, so moet ek weet, speel die gespreksgenoot se verwagtinges insgelyk 'n belangrike rol. Die vraag is hier opnuut geopper oor hoe ek iets van hierdie groter Verhaal kan laat figureer. Tim was gou om te reageer en te sê: “I ask them what do they expect from me? I ask them what is their story? How can I fit into your story? Why are you coming to see me?” Hierop is die vraag gestel of ek nie dan al klaar besluit het hoe ek in die verhaal betrokke wil wees nie?

Jake wou op sy beurt weet by watter een van die momente wat Müller in sy boek beskryf, die Bybel sal inkom. Sy mening is dat dit reeds by die verlede se verhaal al moet gebeur. Jake sê dat ons almal volgens Stephen Crites 'n “sacred story” het. Dalk lê die probleem by die verstaan van dié verhaal. Die Bybelverhaal mag dalk deel van 'n persoon se probleem wees. Wie nie bereid is om saam met die persoon die “journey” te onderneem nie, kan ook nie saam met sodanige stap en uitkom by die “sacred story” nie. Volgens Jake is dit waar jy dan eintlik die persoon se storie sal hoor en verstaan. Dalk kom die Bybel hier ter sprake of dalk nie. Wees egter daarvoor oop om nie die Bybel noodwendig as die oplossing te sien nie, want dalk is die Bybel juis deel van die probleem.

Die opmerking word gemaak dat Daniël Louw van die standpunt uitgaan dat God deel is van mense se lewensverhale. Party mense wil dit kwalik erken, ander ontken dit algeheel, maar dit is beslis deel van almal se verhaal. Die vraag is net hoe kry ek die persoon om dit te erken? Tim wou weet of dit die veronderstelling is dat God deel is



van mense se storie en of die eintlike vraag is: “How do I get it out?” Hy wil weet: “As a narrative therapist is it my task to get God’s story out?” Hierop is vir hom gevra wat hy as sy taak sien. Sy respons was: “My task as a narrative therapist is to listen to the story and to see if there is something ‘unique’ which can take them to another place where there is a new story which is going to be created.” Tim het gesê sy geloofsagtergrond gee hom die geleentheid om God se storie hier te kan inbring. Hy beklemtoon egter: “But I am definitely not going to look for it and say God’s story must be part of the outcome!”

Jake is van mening dat die verhaal van die verlede op grond van die voorgaande teruggeneem word tot en met die “sacred” verhaal. Almal het iets wat sin aan die lewe gee. En as hulle in ’n krisis is, is daardie sin nie meer daar nie. As pastors moet ons mense tot daar “druk” en sê: “Vertel my daardie verhaal. Hoe sien jy die wêreld, hoe sien jy jou lewe, hoe pas jy by die groter prentjie in? Hoe sien jy God in jou lewe?”

Om die eerste vraag af te sluit, word gevra: As die persoon niks op die tafel sit nie en ek vra vir hom hoe hy God in sy verhaal sien, is dit geforseerd of ongeforceerd? Evert se reaksie hierop was dat hy nog nooit vir iemand die vraag so gevra het nie. Vanuit sy praktiese ervaring wil hy ’n storie vertel van hoe hy dink die Bybel moet funksioneer, en hoe hy by ’n punt in sy lewe gekom het waar hy anders daarvoor dink. Evert voel dit is nie ’n moet dat die Bybel ter sprake moet kom nie. Die vraag is eerder wat kwalifiseer hom om te sê hy is ’n pastorale terapeut en moet hy nie as pastor juis bereidwillig en selfs gretig wees om oor die Bybel te praat nie. Hy voel oortuig

daarvan dat wanneer hy nie oor die Bybel in 'n gesprek praat nie hy nie daarom ophou om 'n pastorale terapeut te wees nie.

Evert sê hy het by 'n punt gekom waar hy in sy gesprekke met mense dit eers vermy om oor geloof te praat tot baie laat in die gesprek. Daar is vir hom “method” in die soort “madness”. Om oor die geloof te praat, kan die gemaklike, gerieflike, vinnige en kundige weg wees uit die pastorale gesprek. Hy probeer homself eerder uit die posisie hou waar hy dan nou as die kundige in die saak geken word. Selfs al gooi die gespreksgenoot die aas uit, dan weier hy om die lokaas te vat! Dit gebeur te maklik, sê Evert, dat iemand in 'n pastorale gesprek die morele hoë grond wil betree en die persoon die Bybel op so 'n manier ter sprake wil bring dat dit die ander partye op hulle plek gaan sit. Evert gryp nie sommer die geleentheid aan nie. Hy vat lank voordat hy daardie moontlikheid oorweeg en sê: “Nou maar kom ons raak daardie aspek van die saak aan.”

Op hierdie stadium is die fokusgroep daarop gewys dat die individuele gespreksgenote se gevoel nie is dat hulle spesifiek sit en wag en soek vir 'n geleentheid om die Woord ter sprake te bring nie. Die gedagte is veel eerder dat die persoon self die Bybelse verhaal deel van die gesprek sal maak. Tim het hierop die interessante opmerking gemaak dat “...rather than waiting for the person to give me the opportunity, I listen for God's opportunity”. Eerder as om te sê wat die persoon wil hê hy moet sê, redeneer Tim soos volg: “I ask myself the question: God where are you in this?”

Die tweede afleiding waaroor die fokusgroep saam gereflekteer het, is die volgende: Die pastor is 'n verteenwoordiger van God. Hy verpersoonlik iets van die Woord van

God. Beide die pastors was in die vooraf individuele gesprekke van mening dat hulle eie verhale/stories met God inderdaad 'n belangrike rol speel in hoe hulle te werk gaan.

Evert se reaksie hierop was dat dit gemengde gevoelens na vore bring. Aan die een kant is die mening dat dit wel so is dat ons eie verhaal 'n rol speel in hoe ons na ander mense se verhale luister en die soort vrae wat ons vra. Maar aan die ander kant is Evert huiwerig vir die gedagte: "Omdat ek myself nie kan skei van my verhaal nie, kan ek maar nou my verhaal op die tafel sit en dan praat ons oor my verhaal." Evert is van mening dat as ons dit doen, die modernistiese sielkundige ook al sy teorieë op die tafel kan plaas. Omdat ek 'n storie het, beteken dit nie ek kan maar my storie op die tafel sit en dit met hierdie ander persoon deel nie. Evert is onseker of dit 'n narratiewe manier van optrede is.

Giel reageer hierop deur te sê dat dit 'n feit is dat elkeen van ons 'n storie het. Die situasie bly, die storie is daar, maar hoe funksioneer die storie? Evert stem saam en voel 'n pastor kan hom nie losmaak van sy eie storie en die groter Verhaal nie. Die probleem in die narratiewe benadering bly egter dat wat op die tafel is, is die ander persoon se storie en die nuwe verhaal wat ontwikkel word, moet vanuit sy verhaal ontwikkel. Dit is nie 'n kwessie van die pastor plaas sy storie op die tafel en die gespreksgenoot plaas sy storie op die tafel, en nou kry ons hierdie vermenging nie. Die narratiewe benadering gaan van die standpunt uit dat die ander persoon se verhaal verbreed en uitgebou word en daaruit nuwe gedagtes na vore kom. Evert is van mening dat die verhaal van die gespreksgenoot die verhaal is waarmee gewerk moet word. Nie die nuwe inligting wat kom vanuit die storie wat ek op die tafel plaas nie. Volgens Evert moet ons dit op 'n manier vir onself teoreties kan verantwoord, en hy

twyfel of ons dit tot hiertoe gedoen het nie. Ons wil steun op die narratiewe teorie, terwyl ons die volgende sê: “Maar ek het ’n storie en jy het ’n storie en my storie kan ek nie vermy nie.”

Tim sê egter: “...my story and when I am in pastoral therapy situation has nothing to do what is going on there for them”. Hy deel nie sy storie met die mense nie, maar is daarvan bewus en sê “...my story will affect how I listen to them, but they do not have to know my story”. Dit is nie deel van die gesprek nie.

Hierop is die vraag vir die fokusgroep gevra: Kan ’n mens nie tog maar iets van jou geloofstorie inbring nie? Jake het gereageer deur te sê dat hy iets heeltemal anders wil aanraak. Hy voel omdat hy ’n Christenpredikant is, werk hy narratief. Daar is tussen die Christelike geloof en die narratief baie ooreenkomste. ’n Christen is ook ten diepste ’n “not knowing person”. Volgens hom sê Johan Cilliers dat die mens nooit ’n handvat op God kry nie. Ons bly altyd in ’n soort “not knowing position”. Hierdie vergelyking maak die narratiewe Christelik en so bring sy Christelike verhaal hom by die narratief uit. Hy voel sterk die twee gedagtes pas bymekaar.

Dit beteken nie hy plaas sy Christelike verhaal voorop en lewer sy getuienis nie. Maar omdat hy ’n Christen is en hy sterk glo aan die gedagte van genade en die kruis en dat hy nie al die antwoorde het nie, kan hy die ruimte help skep vir ’n ander persoon om in sy verhaal en die groter Verhaal ’n antwoord te vind. Dit is waarby alle verhale moet uitkom. Jake lê weer sterk klem daarop dat omdat hy glo en hy absoluut uit genade leef, hy ’n “not knowing person” is. Daarom kan hy die narratiewe metode toepas sonder om sy Christelike geloof te ontken. Die narratief staan vir hom nie in kontras met die Christelike geloof nie.

Hier is die gespreksgenote daarop gewys dat een van die individuele gespreksgenote se mening is dat Woordbeginsels betrekking het op baie daaglikse waarhede en dat hierdie waarhede gebruik moet word. Daar hoef nie noodwendig by die Bybel uitgekom te word nie, maar die Bybelse waarhede en inhoude bied antwoorde en kan daarom gebruik word.

Jake se reaksie hierop was die vraag of ons direkte toegang tot die Bybelse waarhede het. Evert is van mening dit bring ons terug by die vraag oor hoe die Bybel ter sprake kom as ek nie die deskundige is nie. Dit is goed en wel om te sê die Bybel en die Bybelse inhoude moet ter sprake kom, maar die probleem bly – hoe? Die verdere vraag is ook, die oomblik wat die Woord ter sprake kom, hoe word dit hanteer? Wat gebeur met daardie teks in die gesprek? Wie hanteer die teks, hoe hanteer ek die teks, hoe hanteer ons die teks? Evert stel dit breedvoerig deur te sê 'n sosiaal-konstruksionistiese uitgangspunt is dat ek nie die beteweter in terme van die teks is nie. As tekste gelees en geïnterpreteer word, dan is dit 'n sosiale gebeurtenis. Die kern van die saak is hoe kan ek in die gesprek die Bybel so ter sprake bring en so met die Bybel omgaan, dat die betekenis wat daar ontstaan nie my as pastor se beter interpretasie van die Skrif is nie, maar ons gesamentlike soeke, eerlike soeke is na die ware betekenis van die teks. Giel wil weet of deel van die probleem nie is dat ons sê ons beleef onself as verteenwoordigers van God, en daarom die narratiewe benadering vir ons moeilik maak nie? Evert sê dat wanneer ons onself so wil sien en daardie identiteit aan onself toeken, het dit die implikasie van: ek weet iets en ek het iets ontvang.

Dit bring my by die derde vraag waarop die fokusgroep gereflekteer het naamlik dat as die pastor in 'n persoonlike verhouding met God staan, kan hy dan werklik in 'n pastorale situasie ingaan en homself daarvan losmaak? Is hierdie persoonlike verhouding 'n deel van die verhaal of is dit nie deel daarvan nie? Kan die pastor neutraal wees?

Evert het dadelik gereageer en gesê dat as dit in hierdie vraag daaroor gaan of iemand in 'n pastorale situasie Christelik is omdat hy verbaal die groter Verhaal van sy lewe op die tafel sit, hy 'n probleem het. Die pastor kan in 'n pastorale verhouding diensbaar wees sonder om 'n teks aan te haal. Bloot deur sy optrede kan hy doen wat God hom vra om te doen. Evert verwys ook na Heitink wat skryf dat die gesprek 'n sakramentele karakter kry - hoe ek hierdie gesprek met die persoon voer, en dan gaan dit nie oor watter Bybelse inhoud ek gebruik nie, maar dit gaan oor die wyse hoe ek hierdie gesprek met die persoon gevoer het. Dit kommunikeer self iets van God, van God se goedheid, God se genade en God se betrokkenheid.

Tim het op die punt in die gesprek gevra of hy die regte veronderstelling hoor: "If we are working narratively, the assumption is that we got to be neutral." Hy is daarop gewys dat die veronderstelling verkeerd is. In 'n pastorale gesprek kan die pastor nie los staan van sy persoonlike verhouding met God nie. Hy is heel moontlik juis 'n predikant omdat hy God as belangrik erken en sien in sy lewe, en daarom ook as 'n Christen geken wil word. En dit het 'n bepaalde invloed op sy lewe.

Evert stel die vraag dat as God deel van die pastor se verhaal is, of dit noodwendig beteken dat ons God deel van die gespreksgenoot se verhaal moet maak. Jake se gedagte van 'n derde verhaal bied vir die pastor hier 'n ander moontlikheid. Beide die

gespreksgenote het in die individuele gesprekke gesê dat nege en negentig keer van die gevalle pastorale gesprekke met God in die verhaal eindig. Dit gebeur vanself.

Die vraag bly: As die ander persoon God nie in die verhaal inbring nie, is dit reg dat die pastor stilbly oor God wat in sy lewe 'n belangrike rolspeler is? Of moet die pastor kreatief kan wees en iets van sy ervaring/belewenis van God in sy verhaal inbring en dan nog steeds met die ander persoon se verhaal besig bly en nie met sy eie storie nie? Tim sê: "I think the question is am I patient enough to allow God's story to develop here... how do I see God's story developing here rather than putting God's story into it."

Hierop het Jake terugverwys na die beeld van Giel se groter prentjie en gevra of Evert se storie nie kan beteken dat pastoraat die water en kleure gee aan die prentjie, wat nie noodwendig altyd God insluit nie. Jake het gewonder of die vrae wat nou geopper word ons nie in die rigting laat beweeg dat 'n mens ook sendingwerk met die narratief kan doen nie. Hier is die fokusgroep daarop gewys dat een van die gedagtes in die verlede was dat deel van die pastoraat gesprekvoering oor God is. Die feit is, en ek stem daarmee saam, dit moet net nie geforseerd wees nie. Deel van die pastorale gesprek is tog om met iemand oor God in sy lewe te gesels. Jake ondersteun hier Evert se gedagte dat in die pastoraat iets van God sal deurskyn, al is dit nie noodwendig so dat die Verhaal self pertinent ter sprake kom nie.

Rondom die vraag oor hoe die Bybel ter sprake kan kom, het Evert voorgestel die naaste wat hy tot nou toe vir homself die vraag kon antwoord, is dat dit vir hom lyk of dit deel van die narratiewe benadering is om 'n soort dekonstruktiewe gesprek te hê.

Daaronder word verstaan, 'n gesprek oor die gesprek. Ons sit bymekaar en praat met mekaar oor hoe die gesprek tot hier gevorder het. 'n Dekonstruerende moment sou kon wees om te praat oor my eie rol en my eie deelname aan die gesprek. Evert sê die gebeure gee aan die pastor 'n geleentheid om nie in die posisie van die deskundige te wees nie, maar nog steeds deel te neem aan die gesprek.

Hy is verder van mening dat in die dekonstruksie van 'n gesprek dit tot hiertoe vir hom die maklikste manier is om iets van sy geloofsverhaal op die tafel te sit. Dit is die eerlikste manier om dit te doen, omdat hy sodoende besig is om die geloofsverhaal en die Bybelse verhaal op die tafel te sit, maar nie as iets waaroor ons móét praat nie. Die dekonstruksieproses gee aan die pastor die geleentheid om vrae te vra soos: Hoekom het ek op 'n sekere manier opgetree? Wat dink die gespreksgenoot daarvan? Dit is iets wat selfs 'n geleentheid skep waarnatoe die gespreksgenote kan terugkom as hulle wil.

Verder is die vraag geopper of wanneer ons bloed tussen verhale laat vloei, en ons van my verhaal en jou eie verhaal praat, daar nie iets hieruit kan voortvloei nie? Giel se vraag is of dit waarvan Evert nou net van gepraat het, nie die bloed tussen verhale laat vloei nie? Die ervaring is dat ons sukkel om in die praktyk, dit wat ons weet hier is, aan die orde te laat kom. Op grond van wat Evert gesê het oor die sakramentele: Is die blote feit dat ons gekies het vir 'n benadering nie klaar deel van die verhaal nie? Giel sê ons hoef niks op die tafel te plaas nie. Die feit dat ons hier is op hierdie punt, vertel iets van ons verhaal wat meespeel in alles.



Tim wil weet of die verhaal wat die pastor inbring, die verhaal is rondom dít wat besig is om in die proses te gebeur, of bring die pastor 'n ander verhaal oor homself van buite in die gesprek, om so die Woord ter sprake te bring? Vanuit dié redenasie kan die Verhaal van God deur die verhaal van die pastor in sy verhouding met God, op die tafel kom. Giel maak die stelling dat ons onbewustelik besig is met die gedagte dat God alleen toetree as ons iets doen. Hy haal 'n persoon aan wat gesê het: "Spirituality is the assumption that God is always doing before I know it." Giel is van mening dat God daarom hier is, hy is reeds teenwoordig. God tree in sonder my toedoen as pastor.

Jake ondersteun die gedagte deur te verwys na die belangrike aspekte van die Gereformeerde geloof, naamlik alleen uit genade, alleen uit geloof, alleen deur Christus. Wanneer 'n mens met hierdie drie sake in 'n gesprek ingaan, het jy in elk geval nie die mag oor God om enige iets in die gesprek te doen nie, God doen dit self! Jake wys daarop dat Jesus in sy pastorale gesprekke selde die Tora aangehaal het. Hy het maar net verhale vertel en deur die verhale het die mense tot insig gekom. 'n Mens kan verhale inbring sonder dat dit noodwendig Bybelse verhale hoef te wees. Jake sê hy dink die blote feit dat ons in 'n pastorale gesprek is, skep al klaar die ruimte waarmee God kan werk, met of sonder dat ons Hom enigsins aanhaal of doelbewus inbring.

Evert gee toe dat ons as pastors bewus is van hierdie verhale van ons geloofstradisie, en die verhale het groot potensiaal. As 'n geloofstradisie het dit die groot potensiaal om vir mense van waarde te wees in die herstrukturering van hulle lewensverhale. Evert herhaal weer die probleem oor hoe om die verhaal met sy potensiaal in die

gesprek in te bring. Hy wil nie soos 'n klein pous wees wat die hoof-interpreteerder van die Bybel is nie. Volgens hom is ons almal medeverantwoordelik. Die vraag is eerder hoe ons saam die Bybel lees, en hoe ons saam in 'n pastorale gesprek luister. Vir hom is dit belangrik dat die ander persoon nie daar hoef te sit en luister na my mening oor 'n teks en dit aanvaar nie.

Tim sluit af deur te sê: “We must not look at the Bible as potential, I don't see it as a potential solution.” Hy beklemtoon dit sal beter wees om die Bybel te sien as 'n ontmoeting met God waar die geleentheid geskep word vir 'n storie om te ontwikkel.

#### 5.5 Refleksie op die gebeure van die fokusgroep

My ervaring is dat die fokusgroepgesprek beslis in sy doelwit geslaag het. Die groepsinteraksie het inderdaad tot 'n dieper verstaan van die vraagstuk gelei en daar het nie net bevestigende gedagtes na vore gekom nie, maar ook selfs nuwe en vars insigte rondom die problematiek. Uit die gesprek van die fokusgroep het dit duidelik geblyk dat die inbring van die Bybelse inhoude en die funksionering daarvan in die narratief-pastorale gesprek, kreatiwiteit en waagmoed van die pastor/terapeut se kant vra.

Die feit dat ons as pastors erkenning gee aan die groter Verhaal en die invloed daarvan in ons lewens, gee nie aan ons die reg om die meta-Verhaal voorop te stel en daaraan 'n bepaalde prioriteit te verleen nie. Binne die sosiaal-konstruksionistiese siening moet ons daarvan kennis neem dat ons in 'n veel groter konteks staan, waarin baie diskoerse 'n rol speel en 'n invloed uitoefen. Dit is wel waar dat die godsdienstdiskoers vir ons belangrik bly en ons as pastors ons nie kan losmaak van die

gedagte dat ons geroepenes is met 'n bepaalde boodskap en konteks waaruit ons kom nie. Hiermee moet deeglik rekening gehou word in ons optrede as pastors.

My ervaring was dat die gespreksgenote van die fokusgroep somtyds self worstel oor hoe en wanneer om die Woord van God ter sprake te bring. Vanuit die fokusgroepgesprek is dit ook bevestig dat die meeste gespreksgenote in die pastorale situasie self die groter Verhaal in die gesprek inbring. Die pastor moet net sensitief en op die uitkyk wees om wanneer die geleentheid hom voordoen, dit te benut. 'n Verdere punt van belang is die pastor kan indien die gespreksgenoot nie die Verhaal van God op die tafel plaas nie, 'n refleksiesprek voer oor hoe die gesprek tot op hierdie punt gevorder het. Deur dié geleentheid te skep, kan die pastor die groter Verhaal in die refleksiesprek inbring deur die volgende te vra:

- Hoe ervaar die gespreksgenoot hom as pastor?
- Watter rol speel God in sy verhaal?
- Hoe voel hy oor die verhaal van die Bybel?

Uiteindelik gaan die vraag nie oor 'n geforseerde of ongeforseerde inbring van die groter Verhaal nie, maar wel of die gespreksgenoot gehelp word om die geleentheid te ontdek en te benut om in aanraking te kom met die Verhaal van Christus en die moontlikhede wat dit bied. As verteenwoordigers van God word ons as pastors gedring om die draers te wees van hierdie besondere boodskap.

My ervaring was verder dat die gespreksgenote van die fokusgroep hier ook iets gedeel het van hulle eie praktiese ervarings en belewenisse. Hulle mening was dat wat en hoe daar opgetree word, net so 'n belangrike rol speel as die boodskap waarmee die pastor kom. In baie gevalle kom die boodskap van die Woord nie eers verbaal aan die orde

nie, maar die optrede van die pastor spreek net soveel van in wie en wat die persoon glo!

Die pastor moet aanleer om tyd en ruimte te gee vir God se Verhaal om self te ontwikkel en te ontvou. 'n Ontmoeting met die Lewende Here lei tot 'n veel groter singewing en betekeniservaring as wat die pastor ooit op sy eie in die lewe van 'n gespreksgenoot kan bewerkstellig.